

Dinsdag 9 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 51:1-7, 16-21

Fokusgedeelte: Psalm 51:6;
Heidelbergse Kategismus 33:89

Berou oor my sonde

Die negatiewe kant van die bekering word as die afsterwing van die ou mens beskryf. Die uitdrukking “ou mens” kom uit Romeine 5:4-6 en Efesiërs 4:22-24. Dit dui op die sondige in die mens wat jou lewe aftakel soos ouderdom ’n mens se kragte aftakel. Van hierdie afsterwing van die ou mens bely ons dat dit bestaan uit berou oor my sonde, haat van die sonde en vlug vir die sonde. Hier word gehandel oor die eerste van die drie, naamlik die berou oor my sonde.

Weet ons wat dit is om werklik berou te hê oor die sonde? Ons moet immers daarteen waak om nie berou oor die sonde te verwar met berou oor die gevolge van die sonde nie. As ek diefstal gepleeg het en tronkstraf as gevolg daarvan kry, kan ek ook spyt en bedroef wees, omdat ek so swaar vir my oortreding moet ly. Maar deur so ’n droefheid word God nie geëer nie – dan staan *ek* met alles wat *ek* verduur, in die sentrum. Dan is daar by my net spyt oor wat ek myself aangedoen het en nie werklike berou oor wat ek God aangedoen het nie. Binne hierdie konteks is spyt op die mens gerig, maar berou is op God gerig. Eers as ek bedroef is omdat ek God se eer geskend en sy gebooie verag het – eers dan word dié berou by my gevind wat deel van die ware bekering vorm. Hierdie berou vind ons by Dawid na sy ontug met Batseba en moord op Uria as hy bely: “*Teen U alleen* het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë” (Ps. 51:6).

As Dawid sê dat hy teen die Here *alleen* gesondig het, beteken dit nie dat dit wat hy Batseba en Uria aangedoen het van minder belang is nie. Beslis nie! Hy wil egter daarmee aandui dat sy sonde teen Batseba en Uria – al was dit erg – nie naastenby so erg was as sy sonde teen God nie. Sy sonde was primêr ’n oortreding van die gebooie van God en ’n skending van die heiligheid van God. Dit was wat sy berou en droefheid so groot gemaak het. Hy verwoord dit deur te sê: “*Teen U alleen* het ek gesondig ...” So ’n ware berou oor die sonde tref ons ook by Daniël aan. As hy sy eie en sy volk se sondes bely, sê hy: “Ag, Here, groot en ontsagwekkende God ... Ons het gesondig, ons het oortree, ons het ver-keerde dinge gedoen, ons was opstandig en het nie gelewe volgens u gebooie en u bepalings nie ... Dit is onself wat hierdie ellende oor ons gebring het ... omdat ons teen U gesondig het ...! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op!” (Dan. 9:4, 5, 6, 8, 19). Dit is die berou wat deel vorm van die ware bekering.

Wie so berou het, kan ook getroos word deur die wete dat die Here so ’n hart vol ootmoed en berou om Christus ontwil nie gering sal ag nie (Ps. 51:19).